**SiVEST**
**Omgewingsafdeling**

Established in 1952

**BASIESE EVALUERING (BE) EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (EMPr)
VIR DIE VOORGESTELDE INSTALLERING VAN 'N 500M$^3$ OLIE-BRANDSTOF OPSLAGHOUER
BY DIE GROOTVLEI KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE**

**DEA OIE Verw. No.: 12/12/20/2358**
**NEAS Verw. No.: DEA/EIA/0000418/2011**

Kragtens Artikel 44 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (soos gewysig), saamgelees met Artikel 24(5) van die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings onder Staatskennisgewing R543 en R544 wat op 18 Junie 2010 afgekondig is, geskied kennis hiermee dat SiVEST deur Eskom Holdings aangestel is as die onafhanklike omgewingskonsultante om die verlangde Basiese Evaluering (BE) en openbare deelnameproses vir die bogenoemde voorgestelde projek te onderneem met betrekking tot die volgende gelyste aktiwiteit:

| **Staatskennisgewing R544 (18 Junie 2010)** | |
|---|---|
| Lysting 1 Aktiwiteit | (42) |

Die voorgestelde ontwikkeling en gepaardgaande infrastruktuur sal bestaan uit:

- die installering van 'n addisionele 500m$^3$ bogrondse olie-brandstof opslaghouer; en
- gepaardgaande infrastruktuur.

Die voorgestelde aansoekterrein is die Grootvlei Kragstasie.

U word hiermee verwittig dat SiVEST die tersaaklike Aansoekvorm by die Departement Omgewingsake (DEA) ingedien het en dat hierdie voorgestelde projek by die DEA geregistreer is onder die volgende verwysingsnommers:

- DEA Verwysingsnommer – **12/12/20/2358**; en
- NEAS Verwysingsnommer – **DEA/EIA/0000418/2011**.

**U word versoek om as 'n Belangstellende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer. Om as 'n B&GP te registreer en om bykomende inligting (die Agtergrondinligtingsdokument) te ontvang**, verstrek asseblief u naam, kontakbesonderhede en belang by die aansoek binne 30 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Rig asseblief u **skriftelike** navrae (brief, faks of e-pos) aan die Openbare Deelnamekonsultante hieronder:

**Nicolene Venter** of **Mabel Qinsile**

SiVEST Environmental
Posbus 2921 Tel: 011 798 0600
RIVONIA Faks: 011 803 7272
2126 E-pos: nicolenev@sivest.co.za of mabelq@sivest.co.za
Webwerf: www.sivest.co.za